



LOSIESKONTRAK

aangegaan deur en tussen

1. PARTYE

1.1 SAVF HUIS SILVERSIG, NPO-NO: 011-216

(hierin na verwys as "die SAVF HUIS SILVERSIG")

Hierin verteenwoordig deur 'n behoorlik gemagtigde persoon

en

1.2 NAAM VAN INWONER: _____

Identiteitsnommer: _____

(hierin na verwys as "die Inwoner")

en

NAAM VAN PERSOON GEMAGTIG DEUR DIE INWONER:

Identiteitsnommer: _____

Woonadres: _____

Werksadres: _____

Posadres: _____

Kontakbesonderhede:

(w) _____ (sel) _____

(h) _____ (e-pos) _____

(hierin na verwys as "die Gemagtigde Persoon")

INDEKS

1.	WOORDOMSKRYWINGS.....	3
2.	AKKOMMODASIE	4
3.	OOREENKOMS ONDERWORPE AAN DIE WET	5
4.	MAALTYE	5
5.	VERPLEGING EN MEDIESE SORG.....	5
6.	SKOONMAAKDIENSTE	6
7.	SEKURITEIT EN VERSEKERING.....	6
8.	MAANDELIKSE LOSIESHEFFINGS	7
9.	VASSTELLING VAN DIE MAANDELIKSE LOSIESHEFFING.....	8
10.	BETALING VAN DIE MAANDELIKSE LOSIESHEFFING	9
11.	BEëINDIGING VAN DIE OOREENKOMS	10
12.	HUISREëLS	11
13.	AFSTERWE VAN INWONER.....	11
14.	KLAGTES EN SKADE	12
15.	BORGSKAP DEUR GEMAGTIGDE PERSOON.....	13
16.	ALGEMEEN	14

AANGESIEN die **SAVF HUIS SILVERSIG** geregistreer is kragtens die Wet op Ouer Persone;

EN AANGESIEN die SAVF HUIS SILVERSIG onderneem om die diens hierin vermeld aan die Inwoner te lewer en die Inwoner in terme van Artikel 21(3) van die Wet op Ouer Persone toestem om verblyf te neem en onderneem om maandeliks losiesheffing aan die SAVF HUIS SILVERSIG te betaal;

EN AANGESIEN die Gemagtigde Persoon verantwoordelikheid vir die Inwoner aanvaar en onderneem om alle verpligtinge van die Inwoner teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG, soos in hierdie ooreenkoms uiteengesit, na te kom;

Kom die partye soos volg ooreen:

1. WOORDOMSKRYWINGS

- 1.1 "**Bestuurskomitee**" sal beteken die komitee aangestel deur die SAVF HUIS SILVERSIG;
- 1.2 "**Bestuurder**" sal beteken die persoon aangestel as die hoof van SAVF HUIS SILVERSIG wat verantwoordelik is vir die dag tot dag bestuur van die SAVF HUIS SILVERSIG en/of sy/haar gemagtigde agent wat personeellede van die SAVF HUIS SILVERSIG insluit;
- 1.3 "**Die Gemagtigde Persoon**": die persoon of persone, 'n familielid of familielede, of 'n aanverwant wat deur die Inwoner gemagtig is om sy of haar persoonlike belange names die Inwoner te behartig of te beheer, soos bedoel in Artikel 16(a) van die Wet op Ouer Persone;
- 1.4 "**Die Inwoner**": die bejaarde, verswakte of gestremde persoon soos genoem op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms;
- 1.5 "**Maandelikse Losiesgeld**": die bedrag maandeliks betaalbaar deur die Inwoner aan SAVF HUIS SILVERSIG, vir die lewering van dienste en fasiliteite deur die SAVF HUIS SILVERSIG, en vir die versorging van die Inwoner, welke bedrag jaarliks deur die SAVF HUIS SILVERSIG vasgestel en bepaal sal word.
- 1.6 "**SAVF HUIS SILVERSIG**": Die SAVF HUIS SILVERSIG ouetehuis, geleë te 513 Jasmynlaan, Silverton, wat hierin verteenwoordig word deur die Bestuurder of 'n ander persoon behoorlik gemagtig deur die SAVF HUIS SILVERSIG is 'n nie-winsgewende organisasie (NPO), in terme van die "Non Profit Organisation Act" 71 van 1997.

- 1.7 **"Die Wet"**: Die Wet op Huurbehuising No. 50 van 1999.
- 1.8 **"Die Wet op Ouer Persone"** is die Wet op Ouer Persone No. 13 van 2006, soos gewysig.

2. **AKKOMMODASIE**

- 2.1 SAVF HUIS SILVERSIG sal aan die Inwoner akkommodasie verskaf vir die tydperk soos hierin uiteengesit en teen die betaling soos hierin uiteengesit.
- 2.2 **Die Inwoner sal op _____ sy/haar intrek by die SAVF HUIS SILVERSIG neem en hierdie ooreenkoms sal geldig wees vanaf gemelde datum tot en met beëindiging van hierdie ooreenkoms ooreenkomstig die terme hiervan.**
- 2.3 **Die kamer bekend as _____ by SAVF HUIS SILVERSIG sal deur die Inwoner bewoon word. Die ligging van die akkommodasie kan deur die SAVF HUIS SILVERSIG verander word na inagneming van die beskikbaarheid, die graad van die verswakking en die behoeftes aan sorg van die Inwoner.**
- 2.4 Indien SAVF HUIS SILVERSIG dit nodig ag mag daar aan die Inwoner kennis gegee word dat hy/sy na alternatiewe akkommodasie verskuif sal word, en sal die Inwoner nie minder nie as 30 dae kennis van sodanige verskuiwing kry.
- 2.5 Slegs bejaarde, verswakte of gestremde persone kwalifiseer vir akkommodasie by SAVF F HUIS SILVERSIG Keuring vir akkommodasie word hanteer deur 'n paneel bestaande uit Bestuurder, Maatskaplike werker en Hoofverpleegkundige. Die SAVF HUIS SILVERSIG behou die reg voor om hierdie paneel te versoek om die Inwoner se verblyf op enige stadium te heroorweeg. Die besluit van hierdie paneel is finaal en bindend op die Inwoner.
- 2.6 Die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal, voordat die Inwoner sy/haar intrek in 'n spesifieke kamer neem, tesame met die SAVF HUIS SILVERSIG 'n inspeksie van daardie kamer doen en alle defekte volledig lys, welke lys deur beide partye onderteken sal word en by hierdie ooreenkoms aangeheg sal word.
- 2.7 Die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal nie geregtig wees om die akkomodasie hierin verskaf te onderverhuur aan enige derde party, of om sy/haar regte en verpligtinge hierin uiteengesit aan enige derde party te sedeer nie.
- 2.8 Die kamer, asook die ablusiegeriewe in die tehuis, is onderworpe aan monitering d.m.v. kringtelevisie (CCTV).

3. OOREENKOMS ONDERWORPE AAN DIE WET

- 3.1 Hierdie ooreenkoms is onderworpe aan die bepalings van die Wet.
- 3.2 Indien daar enige onduidelikheid of dubbelsinnigheid tussen hierdie ooreenkoms en die Wet bestaan sal die bepalings van die Wet deurslaggewend wees.

4. MAALTYE

- 4.1 Drie gebalanseerde etes word op tye, soos deur die SAVF HUIS SILVERSIG vasgestel, in die eetsaal bedien.
- 4.2 Indien 'n Inwoner spesiale diëet volg op grond van dokters- of diëetkundige voorskrifte, moet hierdie voorskrifte duidelik en vroegtydig onder die SAVF HUIS SILVERSIG se aandag gebring word.

5. VERPLEGING EN MEDIESE SORG

- 5.1 Vier en twintig uur versorging en verplegingsdienste word gelewer volgens aanvaarbare verpleegsorgstandaarde en met inagneming van die Inwoner se gesondheid, fisiese toestand en vermoëns.
- 5.2 Indien 'n Inwoner meer gespesialiseerde versorging benodig, sal die Inwoner na 'n hospitaal of ander mediese inrigting verwys word, waarby ingesluit psigiatriese inrigtings.
- 5.3 Die SAVF HUIS SILVERSIG is nie aanspreeklik vir enige bykomende mediese- of verplegingskoste nie. Hierby ingesluit is enige ambulans-, privaat geneesheer- of hospitaalkoste. Rekening hiervoor sal aan die Inwoner of die Gemagtigde Persoon gerig word.
- 5.4 Inwoners is geregtig daarop om deurentyd van privaat geneeshere gebruik te maak. Die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon sal verantwoordelik wees om die nodige reëlings ten opsigte van sulke besoeke te tref en sal verantwoordelik wees vir die betaling van sodanige rekeninge.
- 5.5 Geen Inwoner mag enige medikasie in sy/haar kamer aanhou nie. Alle medikasie sal by die SAVF HUIS SILVERSIG ingedien word en sal deur die SAVF HUIS SILVERSIG bestuur word.
- 5.6 In 'n noodgeval sal die SAVF HUIS SILVERSIG poog om die Gemagtigde Persoon onverwyld te kontak en instruksies te kry ten opsigte van hoe die noodgeval hanteer moet word. Indien die Gemagtigde Persoon nie onmiddellik beskikbaar is nie, word die SAVF HUIS SILVERSIG gemagtig om sodanige stappe te neem as wat nodig is

en is die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon verantwoordelik vir alle mediese kostes wat in so 'n noodgeval deur die SAVF HUIS SILVERSIG_ aangegaan word.

- 5.7 Kringtelevisie (CCTV) word gebruik om die Inwoner se welstand ook in sy / haar kamer te monitor.

6. SKOONMAAKDIENSTE

- 6.1 Kamers, gange en badkamers word daagliks deur huishoudelike personeel skoongemaak.
- 6.2 Dienste begin om 07h00. Indien 'n Inwoner dit vir die personeel onmoontlik maak om sy/haar kamer skoon te maak, sal daardie Inwoner se kamer nie daardie dag skoongemaak word nie.
- 6.3 Bedlinne en handdoeke sal gereeld gewas word. Indien 'n Inwoner sy/haar eie bedlinne of handdoeke gebruik, moet elke item duidelik gemerk wees. Die SAVF HUIS SILVERSIG aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies van of die skade aan enige bedlinne of handdoeke as gevolg van hierdie diens nie.
- 6.4 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal reëlings met die Inwoner tref ten opsigte van die was van die Inwoner se kledingstukke op 'n weeklikse basis.

7. SEKURITEIT, KRINGTELEVISIE (CCTV) EN VERSEKERING

- 7.1 Die SAVF HUIS SILVERSIG neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat gely word as gevolg van enige inbraak of roof by die SAVF HUIS SILVERSIG nie. Die Inwoner is verantwoordelik vir sy/haar eie veiligheid en vir sy/haar besittings.
- 7.2 Die voorsiening van permanente parkeerplek vir motorvoertuie is onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan en moet met die SAVF HUIS SILVERSIG gereël word.
- 7.3 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal verantwoordelik wees vir die strukturele versekering van die geboue van die SAVF HUIS SILVERSIG en die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal verantwoordelik wees vir die versekering van die Inwoner se persoonlike besittings.
- 7.4 Die strukturele versekering van die geboue deur die SAVF HUIS SILVERSIG doen op geen manier afbreuk aan die SAVF HUIS SILVERSIG se regte om uitgawes van die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon te verhaal in terme van klousule 14.8 en 14.9 hieronder nie.

7.5 Kringtelevisie (CCTV) is geïnstalleer ten einde Inwoners te beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, swak behandeling en uitbuiting. Dit verskaf ook geleentheid om Inwoners se bewegings te monitor.

7.5.1 Monitoring word slegs deur die Hoofverpleegkundige en die Bestuurder van die fasiliteit gedoen.

7.5.2 Indien beeldmateriaal 'n Inwoner raak, sal die Inwoner asook die Gemagtigde Persoon se toestemming nodig wees om sodanige beeldmateriaal te gebruik.

7.5.3 Beeldmateriaal van die kringtelevisie mag nie gedupliseer word nie, buiten op Getuiedagvaarding en met die nodige saaknommer.

7.5.4 Geen privaat kamera-opnames mag deur Inwoners of Gemagtigde Persone gemaak word nie.

7.5.5 Die privaatheid van Inwoners sal beskerm word.

8. MAANDELIKSE LOSIESHEFFINGS

8.1 Die maandelikse losiesheffing beloop _____

_____ (bedrag in woorde) en sluit in: **akkommodasie, water en elektrisiteit, etes, verpleging en mediese sorg en skoonmaakdienste soos hierbo in klousules 2, 4, 5 en 6 uiteengesit.**

8.2 Die SAVF HUIS SILVERSIG kan ook bedrae bepaal, byvoorbeeld ten opsigte van doeke, welke bedrae ook vooruitbetaal sal wees saam met die maandelikse losiesheffing. Enige terkort ten opsigte van ekstra uitgawes wat nie vooruitbetaalbaar is nie, sal in die daaropvolgende maand teen die Inwoner se rekening gehef word.

8.3 Die maandelikse losiesheffing, asook enige ander heffings betaalbaar deur die Inwoner of die Gemagtigde Persoon, is betaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand. Die SAVF HUIS SILVERSIG sal aan die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon van 'n kwitansie voorsien vir alle kontant/tjek betalings ontvang.

8.4 Indien die Inwoner afwesig is van die SAVF HUIS SILVERSIG as gevolg van hospitalisasie of familie besoeke of om enige ander rede, sal die maandelikse losiesheffing onveranderd en betaalbaar bly.

8.5 Die maandelikse losiesheffing is betaalbaar vanaf die dag waarop hierdie ooreenkoms in werking tree, afgesien daarvan of die Inwoner op die gemelde datum sy/haar intrek in die kamer neem al dan nie.

8.6 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal jaarliks die maandelikse losiesheffing hersien en die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon, nie minder nie as 30 dae kennis gee van enige verandering in die maandelikse losiesheffing. Jaarlikse verandering in die

losiesheffing sal geldig wees vanaf 1 April. Indien enige verhoging op 'n ander stadium as op 1 April sal plaasvind sal die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon nie minder nie as twee kalender maande se skriftelike kennis ontvang. Kennis van die verhoogde losiesheffing sal jaarliks skriftelik gegee en geneem word, onderteken deur albei partye, ter voldoening aan die vereistes van Klousule 16.9 hieronder, en by hierdie ooreenkoms aangeheg word as Aanhangsel A.

8.7 Indien die Inwoner 'n Staatspensioen ontvang, sal die Inwoner toesien dat daardie Staatspensioen direk in die SAVF HUIS SILVERSIG se ondergemelde bankrekening inbetaal word. Die SAVF HUIS SILVERSIG sal dan 90% (tesame met 8.4% ten opsigte van BTW daarop) van hierdie Staatspensioen allokeer ten opsigte van die maandelikse losiesheffing. Die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal slegs verantwoordelik wees vir betaling van die balans van die maandelikse losiesheffing, soos gespesifiseer in klousule 8.1 hierbo, nadat die 90% van die Staatspensioen afgetrek is. Die balans van die Staatspensioen nadat 'n verrekening ten gunste van die maandelikse losiesheffing gemaak is, sal namens die Inwoner in die SAVF HUIS SILVERSIG se rekening op trust gehou word.

8.8 Die Inwoner gee toestemming dat die SAVF kredietnavrae mag doen by enige Kredietburo, ten einde die Inwoner se kredietwaardigheid vas te stel.

8.9 Die Inwoner neem kennis dat die SAVF 'n register hou van wanbetalers.

9. VASSTELLING VAN DIE MAANDELIKSE LOSIESHEFFING

9.1 Indien die Inwoner of die Gemagtigde Persoon om welke rede ookal vir 'n tydperk nie instaat is om die maandelikse losiesheffing te betaal nie, sal die SAVF HUIS SILVERSIG geregtig wees om hierdie ooreenkoms te beeindig met nie minder nie as 30 dae skriftelike kennis en gevolglik sal die Inwoner alternatiewe verblyf moet soek.

9.2 Die SAVF HUIS SILVERSIG kan besluit om die maandelikse losiesheffing te verhoog ten opsigte van 'n spesifieke maand na gelang van die intensiteit van versorging wat die Inwoner in enige maand sal ontvang of ontvang het.

9.3 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal geregtig wees om die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon te versoek om 'n volledige en opgedateerde opgawe van sy/haar bates en laste en inkomste en uitgawes aan die SAVF HUIS SILVERSIG voor te lê vir insae. Die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal verplig wees om hierdie opgawe te voorsien indien daartoe versoek.

9.4 Die Inwoner stem toe dat die SAVF HUIS SILVERSIG enige kredietnavrae mag doen ten einde sy/haar kredietwaardigheid vas te stel.

10. BETALING VAN DIE MAANDELIKSE LOSIESHEFFING

- 10.1 Die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon sal 'n debietorder teken vir die betaling van die maandelikse losiesheffing. Betalings kan gemaak word in die volgende rekening:

Rekeningnaam: SAVF HUIS SILVERSIG
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 0070720310
Verwysing: Inwoner se voorletters en van

- 10.2 Indien nie die Inwoner of die Gemagtigde Persoon 'n bankrekening het nie, kan betalings direk by die SAVF HUIS SILVERSIG gemaak word, of direk in die bogemelde bankrekening.
- 10.3 'n Reëling kan met die SAVF HUIS SILVERSIG getref word dat die Inwoner se volle inkomste by die SAVF HUIS SILVERSIG se bogemelde rekening inbetaal word en dat die betaling van die maandelikse losiesheffing direk van hierdie inkomste afgetrek kan word. Die balans van die Inwoner se inkomste sal deur die SAVF HUIS SILVERSIG op trust gehou word namens die Inwoner.
- 10.4 Die Gemagtigde Persoon kan betalings in die SAVF HUIS SILVERSIG se bogemelde rekening maak as sakgeld tot die Inwoner se beskikking. Hierdie betaling sal deur die SAVF HUIS SILVERSIG op trust gehou word tesame met enige ander bedrae ten behoeve van die Inwoner betaal, en kan op versoek van die Inwoner onttrek word vir persoonlike gebruik. Die SAVF HUIS SILVERSIG is ook gemagtig om enige bedrae namens die Inwoner op trust gehou aan te wend vir die betaal van enige mediese onkoste indien die Inwoner of die Gemagtigde Persoon nie die nodige betalings maak nie, of ten opsigte van enige maandelikse losiesheffing wat nie betyds betaal is nie.
- 10.5 Enige bedrae betaalbaar deur die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon vir 60 dae of langer uitstaande is, sal deur die SAVF HUIS SILVERSIG verwys word na 'n invorderingsagent en/of prokureur vir die invordering daarvan. Indien die SAVF HUIS SILVERSIG enige kostes aangaan ten opsigte van die invordering van sulke uitstaande bedrae, sal die Inwoner en die Gemagtigde Persoon gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir alle kostes deur die SAVF HUIS SILVERSIG aangegaan, welke kostes sal insluit prokureurskoste op prokureur en eie kliënt

skaal, invorderingskommissie en kostes verbonde aan onbetaalde debietorders of tjeks.

- 10.6 Die partye stem toe dat enige geding voortspruitend uit hierdie ooreenkoms, ongeag die bedrag betrokke, in enige Landdroshof wat jurisdiksie mag hê, ingestel mag word. Die partye sal egter geregtig wees om enige aksie in die Hooggeregshof van Suid-Afrika in te stel.

11. **BEËINDIGING VAN DIE OOREENKOMS**

- 11.1 Een kalendermaand se skriftelike kennisgewing moet deur 'n party aan die ander party gegee word vir die beëindiging van hierdie ooreenkoms sonder dat enige redes vir die beëindiging verskaf hoef te word. Indien 'n Inwoner minder as een kalendermaand kennis gee vir die beëindiging van hierdie ooreenkoms, sal die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon verantwoordelik wees vir betaling van die maandelikse losiesheffing asof behoorlike kennisgewing in terme van hierdie klousule gegee is.
- 11.2 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal geregtig wees om hierdie kontrak te beëindig as gevolg van wanbetaling van enige bedrae verskuldig deur die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon en wangedrag deur die Inwoner, asook enige ander oortuigende rede.
- 11.3 Die SAVF HUIS SILVERSIG behou die reg voor om, indien die Inwoner 'n baie ernstige oortreding begaan, die Inwoner 48 uur skriftelik kennis te gee om die SAVF HUIS SILVERSIG te verlaat.
- 11.4 By beëindiging van hierdie ooreenkoms sal 'n maandelikse losiesheffing wat vooruitbetaal is nie terugbetaalbaar wees nie, insluitende enige ander betalings wat deur die Inwoner gemaak is.
- 11.5 So spoedig as moontlik nadat die Inwoner die kamer ontruim het, maar nie langer as 7 (sewe) dae daarna nie, sal die SAVF HUIS SILVERSIG en die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon inspeksie van die kamer doen en alle defekte lys, welke lys onderteken sal word deur beide partye.
- 11.6 Hierdie ooreenkoms beëindig outomaties by die afsterwe van die Inwoner.
- 11.7 Indien die geboue sodanig beskadig word, om welke rede ookal, dat die SAVF HUIS SILVERSIG nie meer uitvoering aan hierdie ooreenkoms kan gee nie, en indien daar nie alternatiewe akkommodasie beskikbaar is binne die SAVF HUIS SILVERSIG vir die Inwoner nie, sal hierdie ooreenkoms onmiddellik termineer.

12. HUISREËLS

- 12.1 Die Inwoner en Gemagtigde Persoon bevestig hiermee dat die huisreëls van die SAVF HUIS SILVERSIG, wat by hierdie ooreenkoms aangeheg is, aanvaarbaar is en nagekom sal word deur die Inwoner en dat die Inwoner 'n afskrif daarvan ontvang het.
- 12.2 Die SAVF HUIS SILVERSIG behou die reg voor om hierdie reëls na goeëdunke te wysig van tyd tot tyd, en dat die Inwoner ten minste 30 dae kennis van sodanige wysiging sal ontvang. Die Inwoner sal gebonde wees aan al sodanige wysigings.
- 12.3 Die Inwoner sal in alle omstandighede sodanig optree om die rus en vrede by die SAVF HUIS SILVERSIG te bewaar en te bevorder en om nie die ander inwoners te versteur nie. Die Inwoner sal die ander inwoners se regte eerbiedig en nie onbehoorlik inmeng in die bestuur van die SAVF HUIS SILVERSIG nie.
- 12.4 Geen troeteldiere word by die SAVF HUIS SILVERSIG toegelaat nie.
- 12.5 Vergoeding en footjies deur die Inwoner aan 'n individuele werknemer of personeelid van die SAVF HUIS SILVERSIG word verbied.
- 12.6 Die Inwoner sal geregtig wees om besoekers te ontvang op tye soos in die huisreëls bepaal, met dien verstande dat besoekers ook onderworpe sal wees aan die huisreëls en dat besoekers nie mag oorslaap by die Inwoner nie.

13. AFSTERWE VAN INWONER

- 13.1 Ingeval van die afsterwe van die Inwoner sal die SAVF HUIS SILVERSIG die Gemagtigde Persoon onverwyld in kennis stel.
- 13.2 Na afsterwe van die Inwoner sal die Gemagtigde Persoon verantwoordelik wees om die Inwoner se kamer te ontruim binne 5 dae na afsterwe.
- 13.3 Indien die Inwoner voor die einde van 'n maand afsterf sal daardie Inwoner se boedel geen eis hê teen die SAVF HUIS SILVERSIG vir enige gedeelte van die maandelikse losiesheffing wat reeds deur of namens die Inwoners betaal is nie.
- 13.4 Enige sakgeld wat in terme van klousule 10 hierbo deur die Gemagtigde Persoon by die SAVF HUIS SILVERSIG se rekening inbetaal is en wat op trust gehou word namens die Inwoner, kan deur die eksekuteur van die Inwoner se boedel teruggeeis word.
- 13.5 Die SAVF HUIS SILVERSIG aanvaar geen verantwoordelikheid ten opsigte van enige begrafnis of begrafnisondernemingskoste aangegaan ten opsigte van die Inwoner nie.

- 13.6 Die SAVF HUIS SILVERSIG sal geregtig wees om enige uitstaande bedrae, soos aangedui in die SAVF HUIS SILVERSIG se rekenkundige boeke, van die Inwoner se boedel te vorder of vanaf die Gemagtigde Persoon.
- 13.7 Indien die Inwoner getroud is en sy/haar langsewende gade verkies om aan te bly by die SAVF HUIS SILVERSIG en indien daardie langsewende gade die alleen-erfgenaar van die Inwoner se volle boedel is, sal die SAVF 'n geskrewe onderneming van die langsewende gade aanvaar om al die Inwoner se verpligtinge, ingesluit agterstallige verpligtinge, oor te neem in terme van hierdie kontrak.

14. **KLAGTES EN SKADE**

- 14.1 Indien 'n Inwoner en/of 'n Gemagtigde Persoon enige klagtes ten opsigte van enige aangeleentheid, insluitende mede-Inwoners by die SAVF HUIS SILVERSIG, het moet sodanige klagte in die eerste instansie na die Bestuurskomitee verwys word. Die Bestuurskomitee sal poog om die klagte binne 14 dae op te los.
- 14.2 Indien die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon nie tevrede is met die hantering van die klagte deur die Bestuurskomitee nie, kan die klagte verwys word na die Bestuurder wat sal poog om die klagte binne 14 dae op te los.
- 14.3 Indien die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon steeds nie tevrede is met die hantering van die klagte nie, kan die klagte verwys word na die SAVF Hoofkantoor se Moniteringskomitee vir Bejaarde- en Gestremdesorg.
- 14.4 Afgesien van die bepalings van klousules 14.1, 14.2 en 14.3 hierbo kan die Inwoner 'n klagte op enige stadium verwys na die Huurbehuisingstribunaal in terme van Hoofstuk 4 van die Wet.
- 14.5 Die Bestuurskomitee, Bestuurder en/of SAVF Hoofkantoor se Moniteringskomitee vir Bejaarde- en Gestremdesorg sal geregtig wees om regsadvies ten opsigte van enige klagte in te win.
- 14.6 Indien 'n klagte ten opsigte van die Inwoner ingedien word, sal daardie Inwoner geleentheid gegee word om sy/haar saak ten opsigte van die klagte te stel.
- 14.7 Enige skade wat aan die Inwoner se kamer of aan enige van die SAVF HUIS SILVERSIG se eiendom aangerig word, sal herstel word op die koste van die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon, welke herstelwerk deur die SAVF HUIS SILVERSIG goedgekeur sal word.
- 14.8 Indien enige skade nie na behore of binne 'n redelike tyd herstel word nie sal die SAVF HUIS SILVERSIG geregtig wees om toe te sien dat sodanige herstelwerk

verrig word. Alle kostes ten opsigte van sodanige herstelwerk sal teen die rekening van die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon gehef word en sal betaalbaar wees saam met die daaropvolgende maand se maandelikse losiesheffing.

14.9 Sodra 'n Inwoner 'n kamer ontruim, en na die inspeksie van die kamer in terme van klousule 11.4 hierbo, sal die inspeksie lys saamgestel in terme van klousule 2.6 hierbo vergelyk word met die inspeksie lys in terme van klousule 11.5 hierbo. Alle addisionele skade, behoudens redelike slytasie, sal deur die SAVF HUIS SILVERSIG herstel word en die kostes van sodanige herstelwerk sal vanaf die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon verhaal word.

14.10 Die SAVF HUIS SILVERSIG het die reg om, nadat behoorlike kennisgewing aan die Inwoner gegee is, die Inwoner se kamer te inspekteer of om herstelwerk uit te voer, welke reg nie insluit dat die Inwoner se persoon of persoonlike besittings deursoek mag word nie.

15. **BORGSKAP DEUR GEMAGTIGDE PERSOON**

15.1 Die Gemagtigde Persoon verbind hom/haarself hiermee as persoonlike borg ten opsigte van alle skulde verskuldig deur die Inwoner, hetsy skulde wat huidiglik verskuldig of betaalbaar is of skulde wat in die toekoms verkuldig of betaalbaar gaan word aan die SAVF HUIS SILVERSIG uit hoofde van hierdie ooreenkoms en vir die behoorlike nakoming van die terme in hierdie ooreenkoms deur die Inwoner teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG welke borgskap geldend sal bly vir die duur van hierdie ooreenkoms en vir solank as wat enige van die Inwoner se verpligtinge teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG uitstaande is.

15.2 Die Gemagtigde Persoon kies sy/haar adresse op die eerste bladsy van hierdie ooreenkoms as sy/haar *domicilium citandi et executandi* by welke adres alle kennisgewings en prosesstukke in verband met hierdie ooreenkoms of enige aksie voortspruitend daaruit, effektief beteken kan word.

15.3 Enige kennisgewing wat aan Gemagtigde Persoon gegee word wat :

15.3.1 persoonlik by die *domicilium citandi et executandi* afgelewer is, sal geag word op die datum van aflewering daarvan ontvang te gewees het, tensy die teendeel bewys word;

15.3.2 per vooruitbetaalde geregistreerde pos vanaf 'n adres binne die Republiek van Suid-Afrika aan die Gemagtigde Persoon by laasgenoemde se *domicilium citandi et executandi* gepos is, geag sal word 5 (vyf) dae na

die datum van pos daarvan ontvang te gewees het, tensy die teendeel bewys word;

15.3.3 Die Gemagtigde Persoon is geregtig om by wyse van skriftelike kennisgewing aan die SAVF HUIS SILVERSIG die adres van sy/haar *domicilium citandi et executandi* te verander.

15.4 Die SAVF HUIS SILVERSIG behou die reg voor om te vereis dat enige ander familielid van die Inwoner ook persoonlik borg staan vir die verpligtinge van die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG.

15.5 Die Gemagtigde Persoon gee hiermee toestemming aan SAVF HUIS SILVERSIG om enige kredietnavraag te doen ten einde sy/haar kredietwaardigheid vas te stel.

16. **ALGEMEEN**

16.1 Die Inwoner sal geregtig wees om deel te neem aan 'n inwonerskomitee, in terme van Artikel 20 van die Wet op Ouer Persone.

16.2 Die SAVF HUIS SILVERSIG erken die regte van ouer mense soos uiteengesit in Artikel 16 van die Wet op Ouer Persone.

16.3 Die SAVF HUIS SILVERSIG is gemagtig om die Inwoner te vervoer indien nodig en sal die SAVF HUIS SILVERSIG nie verantwoordelik wees vir enige skade of beserings wat die Inwoner as gevolg daarvan kan opdoen nie.

16.4 Indien die Inwoner nie instaat is om hierdie ooreenkoms te onderteken nie, en die Gemagtigde Persoon hierdie ooreenkoms namens die Inwoner onderteken, waarborg die Gemagtigde Persoon dat hy/sy behoorlik daartoe gemagtig is.

16.5 Die Inwoner sal nie ontslaan word indien alternatiewe verblyf nie gereël kan word nie.

16.6 Alle inligting en besonderhede van die Inwoner sal met vertroulikheid deur die Bestuurskomitee, die Bestuurder en die SAVF HUIS SILVERSIG hanteer word en die Inwoner se reg tot privaatheid sal ten alle tye gerespekteer word.

16.7 Enige verslapping of vergunning aan die Inwoner en/of Gemagtigde Persoon ten opsigte van die terme van hierdie ooreenkoms deur die SAVF HUIS SILVERSIG sal nie 'n wysiging van die terme van hierdie ooreenkoms tot gevolg hê, of enige afbreuk aan die regte van die SAVF HUIS SILVERSIG in terme van hierdie ooreenkoms maak nie.

- 16.8 Hierdie ooreenkoms is die uitsluitlike en volledige ooreenkoms tussen die partye en geen waarborg(e), voorstelling(s) of ander bedinge en voorwaardes van watter aard ookal wat nie hierin vervat is nie, sal op die partye bindend wees.
- 16.9 Geen wysiging van die terme of voorwaardes van hierdie ooreenkoms of enige onderlinge kansellasië daarvan sal enige regs krag hê, tensy dit op skrif gestel en deur al die partye of hul behoorlike gevolmagtigdes onderteken is nie.

GEDATEER te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__.

AS GETUIES

1.

2.

**namens: SAVF HUIS SILVERSIG,
behoorlik gemagtig daartoe**

GEDATEER te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__.

AS GETUIES

1.

2.

Inwoner

GEDATEER te _____ op hierdie _____ dag van _____
20__.

AS GETUIES

1.

2.

Gemagtigde Persoon / Borg

ADDISIONELE BORG TEN OPSIGTE VAN LOSIESKONTRAK

Aangegaan deur en tussen

SAVF HUIS SILVERSIG__

(hierin na verwys as "die SAVF HUIS SILVERSIG")

NAAM VAN INWONER: _____

(hierin na verwys as "die Inwoner")

NAAM VAN PERSOON GEMAGTIG DEUR DIE INWONER: _____

(hierin na verwys as "die Gemagtigde Persoon")

Geteken te _____ **op** _____ **20** _____

(hierin na verwys as "die Losieskontrak")

EN AANGESIEN die SAVF HUIS SILVERSIG in terme van klousule 15.4 van die Losieskontrak vereis dat 'n ander familielid ook persoonlik borg staan vir die verpligtinge van die Inwoner en/of die Gemagtigde Persoon teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG;

verbind ek, die ondergetekende, myself hiermee as persoonlike borg ten opsigte van alle skulde verskuldig deur die Inwoner, hetsy skulde wat huidiglik verskuldig of betaalbaar is of skulde wat in die toekoms verkuldig of betaalbaar gaan word aan die SAVF HUIS SILVERSIG uit hoofde van die Losieskontrak en vir die behoorlike nakoming van die terme van die Losieskontrak deur die Inwoner teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG welke borgskap geldend sal bly vir die duur van die Losieskontrak en vir solank as wat enige van die Inwoner se verpligtinge teenoor die SAVF HUIS SILVERSIG uitstaande is.

Ek verbind my verder tot al die terme van die Losieskontrak deur elke bladsy daarvan te parafeer en kies die adres hieronder as my *domicilium citandi et executandi*.

Ek doen afstand van die gemeenregtelike verwere van Uitskudding, Verdeling van Aksies en Sessie van Aksie.

Ek gee hiermee ook toestemming aan die SAVF HUIS SILVERSIG om enige kredietnavrae te doen ten einde my kredietwaardigheid vas te stel.

Geteken te _____ op _____ dag van _____ 20 _____

Handtekening van borg: _____

Volle name van borg: _____

Identiteitsnommer: _____

Woonadres: _____

Werksadres: _____

Posadres: _____

Kontakbesonderhede: (w) _____ (sel) _____

(h) _____ (e-pos) _____